



Dancing with Deity. Re-imagining the beauty of worship

Johan Cilliers 2012

Bybelmedia

Posbus 5

Wellington 7654

ISBN 978-0-86487-554-9

Met hierdie boek laat Johan Cilliers mens werklik nuut dink oor rol van die kunste in die liturgie. Cilliers is 'n briljante skrywer en hy beklemtoon dat aanbidding mooi (*beautiful*) is en dat alle mense God wil ken en vreugde daaruit wil put (*know and enjoy*). Alhoewel hy uit die perspektief van 'n gereformeerde teoloog skryf, verwys hy na die invloed wat Afrika op hom het om 'n estetiese perspektief oor liturgie te vorm.

Die hooftema in die boek handel oor die verband tussen godsdiens (wat aanbidding insluit) en die kunste (die estetika). As agtergrond gee Cilliers 'n kort historiese ontwikkeling van die verband tussen godsdiens en die kunste. Die vraag word behandel of God uitgebeeld kan word deur byvoorbeeld skilderkuns of ikone. Maar waarom is die estetiese so belangrik in vandag se gereformeerde liturgie? Die redes wat genoem word, is van teologiese en musikologiese belang. Die herontdekking van beweeglikheid (*embodiment*) en 'n kultuur van die verbeelding is vandag weer aktueel. Die Bybel is deurspek met beelde (*images*). Die kerk word in hierdie era waar die visuele so 'n groot impak op die mens het, genoodsaak om die plek van die kunste in die liturgie te heroorweeg.

'n Verskeidenheid kunswerke word na verwys en *Guernica* van Pablo Picasso word in besonderhede bespreek. Cilliers is gemaklik met sy bespreking van die kunste en met die praktiese uitvoering daarvan aangesien die voorblad deur homself ontwerp is.

In *Dancing with Deity* word die skilderkuns, argitektuur, taalkuns en musiek ook by die kunste ingesluit. Die gebruik van metafore word in die bespreking van die taalkuns uitgelig. Hy noem dat multisensoriese taal nie net twee sinne aanspreek nie maar 'n holistiese kommunikasie na vore bring. As voorbeeld word genoem dat eredienste waar die liturg daarin slaag om al die sinne te benut, gewoonlik effektief en geslaagd is. Luther kan hier as 'n voorbeeld gebruik word.

Musiek is die uitdrukking van die lewe in klank. Woorde alleen is nie voldoende vir 'n mens se erediensbelevensie nie. In die begin was ... daar Klank. Cilliers fokus veral op die waarde van sang en noem dit 'n spirituele oefening. Liturgie handel oor 'n estetiese spel. Dans en sang word in-diepte in die laaste hoofstuk bespreek.

Dancing with Deity maak die leser opgewonde oor die mooi dinge wat benut kan word in die mens se soeke na betekenis: aanbidding kan vars en nuut beleef word.